

## Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 1 van 2

### Werk vir die week 5 – 7 Augustus 2020

(Die memoranda vir die laaste werk net voor die breek, kry julle DV volgende week)

#### WOENSDAG 5 Augustus: Stelwerk

Skryf 'n verhalende opstel van tussen 250 en 300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe:

INSTRUKSIES: Doen eers jou beplanning by wyse van 'n kopkaart, dan skryf jy jou opstel rofweg, lees hom deur, verander en maak foute reg en skryf dan jou finale weergawe.

1. **Begin** jou opstel met die volgende paragraaf en vertel die storie dan verder. Onthou om vir jou opstel 'n gepaste titel te gee!

Hy trap sy fiets al vinniger. Sweet pêrel op sy voorkop. Die pedale woerwoer soos hy trap. Sy kortbroek se pype knel sy bene en sy hande klem die handvatsels so styf dat sy kneukels wit wys. Gelukkig is die pad hier gelyk, maar hy weet 'n entjie vorentoe is daar 'n stywe bult waar hy spoed gaan verloor. Hy kyk vining oor sy skouer ...

OF

2. Kyk na die volgende prent en skryf dan 'n storie daaromheen. Onthou om vir jou opstel 'n gepaste titel te gee.



**Donderdag 6 Augustus : BEGRIPSTOETS**

Lees die storie “Die Vlieënde Hollander”:

Platinum TAALhandboek, bl. 94.

Beantwoord dan die vrae 1 – 3 en 9 – 15 op bl 95.



**VRIDAG 7 Augustus: Prosa - Suurlemoen!**

**Lees** hoofstukke 44 – 46 (bls. 136 – 145) en beantwoord dan die volgende vrae:

**Hoofstuk 44:**

1. Hoekom is die instrumente se terugdra vir Tiaan 'n antiklimaks?
2. Wat sê Bongji vir Tiaan in die middle van die toneelstuk?
3. Hoekom het Liezl niks verder gedoen oor haar gevoelens vir Tiaan nie?

**Hoofstuk 45:**

1. Wie het die voordeur oopgemaak?
2. Waaruit lei die leser af dat dit hierdie persoon is wat die voordeur oopmaak?
3. Wat gaan Tiaan by Liezl se huis maak?
4. Hoekom dink Tiaan dis beter om notas te skryf as om te praat?
5. Onderaan bladsy 142 staan: “Die antwoord!!! 42.” Waarna verwys dit?

**Hoofstuk 46:**

1. Hoe weet Tiaan dat iets vir Zane baie erg pla?
2. Wat probeer Tiaan vir Zane sê?
3. Hoekom gaan praat Tiaan met Zane?